# VAN VREES TOT VREUGDE!

**Rom 5:1-11 God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. (2) Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. (3) Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, (4) en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; (5) en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. (6) Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. (7) 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. (8) Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. (9) Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word. (10) Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word. (11) Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het.**

VAN VREES TOT VREUGDE DEUR CHRISTUS ALLEEN!

INSPIRERENDE EN HELENDE SEKERHEDE

1 VRYGESPREEK DEUR GOD
2 VREDE MET GOD
3 VASSTAAN IN GENADE
4 VERHEUG OOR TOEKOMS
5 VERHEUG IN SWAARKRY
6 VERSEKER VAN GOD SE LIEFDE
7 VOLKOME SEKERHEID VAN FINALE REDDING
8 VERHEUG IN GOD

**SAAMPRAAT-VRAE:**

1 Watter vrese, onsekerhede en skuldgevoelens teister ons die meeste ?

2 Wat dink jy is die rede vir die vrese ?

3 Watter van die 8 sekerhede het jou die diepste geraak ? Waarom?

4 Gesels oor die Hervorming-slagspreuke (solas) wat ons as Protestante kenmerk nl genade alleen; Christus alleen; geloof alleen; die Skrif alleen; en aan God alleen die eer.
*Hoe help hierdie "solas" jou om nie vir dwalinge te val nie?*